

**JEH Grobler, *The War Reporter. The Anglo-Boer War Through the Eyes of the Burghers***

Jonathan Ball, Johannesburg & Cape Town, 2004.

56 pp

kaart, foto's, bibliografie, indeks van plekname, indeks van name

ISBN 1 86842 186 4

R250.00

Wat 'n vreugde! Hierdie fiktiewe koerantweergawe van die Anglo-Boereoorlog is gegrond op deeglike en volledige navorsing en is 'n leeservaring en aanwinst vir elke geskiedsbelangstellende, hetsy leek of professioneel.

As bydrae tot die honderdjarige herdenking (1999-2002) van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het Grobler aanvanklik weklíks en later maandelíks in 'n reeks van 66 uitgawes rubrieke in "koerantformaat" die verloop van dié oorlog in die dagblad Beeld "gerapporteer". Die skrywer het die "koerante", wat die tydperk vanaf 14 Oktober 1899 tot 1 Julie 1902 dek, in Engels

vertaal en bygewerk. Grobler het dit voorsien van indekse en van 'n bibliografie wat verwysings na spesifieke gebeure aantoon. Hierdie sogenaamde "ooggetuieverslae" is op koerantpapier gedruk en die formaat en styl sal 'n oningeligte leser maklik laat glo dat hy of sy in *The War Reporter* met faksimileë van 'n "werklike koerant" te make het. Die joernalistieke styl lees gemaklik en die talryke foto's verhoog die waarde van hierdie unieke publikasie. 'n Kaart (p viii) van die destydse Suid-Afrika dui slagvelde, dorpe, treinspore, die grootste riviere en die grense van die Republieke van die ZAR en Oranje-Vrystaat aan. 'n Verdere aanwys is 'n kronologielys van die hoofmomente waaroor in *The War Reporter* berig word (pp xix en x). In die bibliografie word voorts aangetoon watter bronne vir spesifieke uitgawes van die "koerant" benut is. Lesers wat wil, kan dus met min moeite meer inligting oor spesifieke gebeure bekom.

'n Slaggat wat Grobler knap vermy, is om met sigbare agternakennis te skryf. Die beriggewing kom oor as vars en nuut. Die "redakteur" se hoofberig plaas telkens die oorlogsgebeure in tydgenootlike perspektief. Grobler het die tydsgees ook in kleiner detail vasgevang: *The War Reporter* "verskyn" byvoorbeeld tot 2 Junie 1900 in Pretoria en word dan, na die Britse inname van Pretoria, vanaf Machadodorp (p 73) "uitgegee". Vanaf 1 Oktober 1900 tot 1 Julie 1902 verskyn dit "In die [sic] veld" (p 93) en die finale uitgawe in "Pretoria, Transvaal Colony" (p 147).

In 'n gereelde rubriek word kort lewensketse van die verskillende Boere-offisiere gepubliseer en in die laaste uitgawe (pp 149-150) word die Bittereinders individueel bespreek. Grobler het foto's van almal bekom en verwysings is in die "name indeks" (pp 155-157) opgeneem. Ook hier beperk die skrywer hom tot tydgenootlike kennis van elke persoon. "Nuus" van die verskillende oorlogsfronte word deurgaans verstrek en lesers wat in krygsgeskiedenis belangstel, kan die daaglikse en weeklikse verloop van die oorlog volg.

Kultuurhistorici sal liedjies (p 32) wat deur Vrystaatse kinders gesing is om hulle Engelse skoolmaats te irriteer, waardeer. Die volledige optekening van die vertaalde woorde van die bekende spotlied, die "Lady Roberts" (p 102) word ook vir 'n nuwe leserspubliek bewaar. In die "gedig" "The refugee camp (So-called)" met die refrein "He [Lord Roberts] says so himself – so it's bound to be true" (p 129) word Boervroue aangespoor om hulle mans se oorlogspoging te steun.

Vroue se betrokkenheid by die oorlog word nie misken nie. Jacoba Lorentz en Johanna van Warmelo (p 75) se weergawe van die val van Pretoria word as "onderhoude" weergegee. Alida Badenhorst se belewing van die oorlog in die

Wes-Transvaal word as “berig” geplaas (p 88) en basiese inligting ten opsigte van die regulasies met betrekking tot swart werkers word sodoende verskaf. Olive Schreiner se steun aan die Republiek (p 104) en Emily Hobhouse se daadwerklike hulp (pp 106,115,117) ten opsigte van die konsentrasiekampe, word ook “eerstehands” en met gepaste foto’s ter illustrasie gerapporteer. Die brief van waarnemende president Schalk Burger en staatsekretaris FW Reitz aan die Britse premier om die toestande in die konsentrasiekampe onder sy aandag te bring, word volledig geplaas (p 129). Konsentrasiekamp inligting: “News from a concentration camp” (p 143) in verslagformaat, is op Miem Fischer (skrywer van die bekende boek *Tant Miem Fischer se Kampdagboek Mei 1901 - Augustus 1902*) gebaseer en in die laaste uitgawe van die *The War Reporter* verskyn haar reaksie op die verlies van vryheid. Hiermee bevestig Grobler weereens sy knap hantering van historiese bronne.

*The War Reporter* sluit berigte in oor elke aspek van die Anglo-Boereoorlog. Verskillende deputasies na die buiteland, buitelandse belangstelling in die oorlog en ook die lot van die Boere krygsgevangenes in die verskillende oorsese kampe word bespreek. Ook hier moet spesiale vermelding gemaak word van die puik fotomateriaal. Veral lesers met min kennis van die verloop van die Anglo-Boereoorlog word op ’n vars en innoverende manier ingelig.

Geniet hierdie unieke “koerant”.

Dioné Prinsloo  
Departement Geskiedenis  
UNISA, Pretoria